- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Preke
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Potgooi van preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Bekendstellingsvideo
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boeke te koop
- Aanlynwinkel
- Registreer vir epos
- Search

# Hoofstuk van die dag: 1 Kronieke 2

> *Juda se skoondogter Tamar het vir hom Peres en Serag in die wêreld gebring. (1 Kron 2:4)*

Anders as wat ons van 'n "gewone" geslagsregister sou verwag, behandel die Kronis nie die stamvaders se nageslag van oudste na jongste nie. Juda s'n kom eerste aan die beurt, want dit is die fokus van die boek. Dawid kom immers uit die nageslag van Juda.
Heelwat van die name wat hier genoem word, is aan ons bekend. Die Jode sou bes moontlik tuis gevoel het in hierdie register, want hulle kon hulle eie stamlyn na dié mense terugvoer.
Dit sal baie tyd in beslag neem, maar tog die moeite werd wees om die verhale uit die ander boeke hier by te lees, soos bv die geskiedenis van Juda se seuns Er, Onan en Sela, wat uiteindelik nie deel van die register geword het nie, maar wel Peres en Serag, wat Juda by Tamar verwek het (vers 3 en 4, vgl Gen 38). Of Boas se storie (vers 11 en 12, vgl die boek Rut). Kaleb se naam is nogal groot geskryf (vers 18-50). Hy was die geloofsheld wat teen die ander verkenners gesê het hulle moet God vertrou (Num 13:30-31).
As jóú naam iewers opduik, wat sal mense van jou onthou?

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026